

Inhoudsopgawe

| | |
|-----------------|---|
| Inleiding | 7 |
|-----------------|---|

DEEL 1

| | |
|--|----|
| HOOFSTUK 1: Is God se wil 'n raaisel, of nie? | 11 |
| HOOFSTUK 2: God se wil is hemelse sake | 24 |
| HOOFSTUK 3: Jesus is die eksklusiewe gesig en Naam van God se wil | 34 |
| HOOFSTUK 4: Familie-reël 1 oor God se wil: Doen goed! | 45 |
| HOOFSTUK 5: Familie-reël 2 oor God se wil: Vat teenstand! | 56 |
| HOOFSTUK 6: Familie-reël 3 oor God se wil: Wees heilig! | 67 |
| HOOFSTUK 7: Familie-reël 4 oor God se wil: Wees dankbaar! | 77 |
| HOOFSTUK 8: Familie-reël 5 oor God se wil: Wees vrygewig! | 88 |
| HOOFSTUK 9: Twaalf vensters op God se wil | 99 |

DEEL 2: 31 Bybelstudies oor God se wil

| | |
|---|-----|
| 1. God se planne is nie in sement gegiet nie | 113 |
| 2. 'n Opregte askies kan God van plan laat verander | 117 |
| 3. God se wil verander jou nie in 'n robot nie | 121 |
| 4. God se wil is in Christus se hand | 125 |
| 5. Chaos en boosheid knikker nie God se wil uit nie | 129 |
| 6. Die laaste treë van God se aardse wil | 133 |
| 7. Dra die gevolge as jy God se wil verwerp | 137 |

| | |
|--|-----|
| 8. Jesus se kruis as ontknoping van God se wil | 141 |
| 9. Verlore mense op 'n hemelse gastelys – dit is God se wil | 145 |
| 10. God se wil is in volkleur in sy Boek | 149 |
| 11. Die Bybel is nie die hemel se antwoord op Google nie | 153 |
| 12. Is ek buite God se wil as ek verdwaal? | 157 |
| 13. Laat u wil geskied: Gebed en God se wil | 161 |
| 14. Mag ek oor enigiets bid? | 165 |
| 15. God se wil is dat ek mense liefhet | 169 |
| 16. Foutiewe verklarings van God se wil is dodelik! | 173 |
| 17. Moenie God se wil met straf verwar nie | 177 |
| 18. Mag ek met God armdruk? | 181 |
| 19. Mag ek vrae vra oor God se wil? | 185 |
| 20. God se wil gebeur te midde van my eie swakheid | 189 |
| 21. Is my sterfdatum vooruit geprogrammeer? | 193 |
| 22. Nie sterfdatums nie, maar lewenstrepies – Wat as dinge met my gebeur wat teen God se wil is? | 197 |
| 23. Gehoorsaamheid en God se wil loop hand aan hand | 201 |
| 24. God se wil bevry ons van moralisme | 205 |
| 25. God se wil het ook te make met hoe jy jou plek ken | 210 |
| 26. Om volgens God se wil te bid vir mense | 214 |
| 27. In die hande van die Heilige Gees, die Uitvoerder van God se wil | 218 |
| 28. Die Gees help wanneer ons biddeloos gestrand is | 222 |
| 29. Hoe lei die Heilige Gees my in my daaglikse besluite? | 226 |
| 30. Mag ek tekens vra as ek na God se wil soek? | 230 |
| 31. Twyfelaar en doener van God se wil | 234 |
| SLOT: In pas met God | 239 |

Inleiding

Moet ek eers wag tot ek dood is voordat ek God se wil verstaan?

Iemand skryf op Facebook dat sy eendag, as sy by God is, sal verstaan wat die doel van haar lewe was. Toe vra ek vir myself: “Regtig?” Wil ek eers wag tot ek dood is voordat ek weet hoekom ek geleef het? Werk God regtig so? Is my lewe ’n misterie of ’n legkaart waarvan ek eers na-doods die volle prentjie sal sien?

Nie as ek die Bybel reg lees nie! Toegegee, ek kyk tans nog in ’n dowwe spieël soos wat Paulus in 1 Korintiërs 13 skryf. Maar ek weet dat God se wil en sy roeping vir my lewe duidelik en helder is. Dit is so eenvoudig soos om in Hom te glo en vir Hom te leef. Dis so eenvoudig soos om God en ander mense lief te hê.

Omdat party kerklikes God se wil ingewikkeld en taakgeoriënteerd gemaak het, dink sommige hulle sal nooit hier op aarde weet wat sy wil is nie. Wel, dit is nie so ingewikkeld nie. Dit gaan oor liefde vir Hom en liefde vir ander. Dalk het óns dit te ingewikkeld gemaak. Nee wag, vir seker het ons dit gedoen! Daarom hierdie boek, want ek self kan nie wag tot ek dood is voordat ek weet wat God se plan met my lewe was nie. En ek dink jy ook nie.

Hoekom nog 'n boek oor God se wil?

God se wil kry net nie klaar met my nie. Die eerste boek wat ek ooit geskryf het, het reeds hieroor gehandel. Toe het 'n dagboek, 'n Bybelstudie en nog 'n boek of twee ook oor God se wil gevolg. Een van hierdie boeke met die titel *In pas met God se wil*, asook 'n dagboek, *My lewe in God se wil*, het intussen uit druk geraak. Toe stel my vriendelike uitgewer voor dat ons hierdie boeke nie net weer herdruk nie, maar dat ek 'n nuwe boek skep waar ek kreatief te werk gaan met die materiaal uit genoemde boeke. Soos wat ek gevorder het, het ek agtergekom dat dit beter is om alles in 'n nuwe formaat te giet, al het die inhoud plekplek behoue gebly. Gedeeltes uit bogenoemde twee boeke is herskryf, aangepas en nuut bedink vanuit die invalshoek wat deur die loop van hierdie nuwe boek gevolg word.

Hoe om hierdie boek te gebruik

Hierdie boek is 'n leesboek en 'n Bybelstudiegid vir individue en groepe. Jy kan dit op 'n paar maniere gebruik.

Deel 1 is 'n leesboek oor God se wil. Jy kan hierdie hoofstukke op jou eie deurlees.

Deel 2 is in Bybelstudieformaat gegiet. Aan die hand van 31 Bybelstudies word verskillende fasette van God se wil bekyk. Jy kan kies om hierdie Bybelstudies saam met 'n Bybelstudiegroep te doen, of op jou eie.

Geniet die reis binne die veilige ruimte van God se wil!

DEEL 1

Is God se wil 'n raaisel, of nie?

“**S**ê reguit vir my: Is God se wil 'n raaisel, of is dit nie? Want my kerk praat net in raaisels hieroor,” merk iemand op. Dit het my uitgeboul. Hierdie dame was 100% reg. Ons kerklikes praat veels te raaiselagtig oor God se wil. Ons spekuleer eindeloos oor ingewikkelde konsepte soos die voorsienigheid van God, of sy soewereiniteit sonder om ooit klaar gepraat te kry.

Lyk my God se wil het op vele plekke vervaag tot 'n raaisel. Dit het 'n probleem geword. Dit is onverstaanbaar en onkenbaar. Om nie van ondoenbaar te praat nie! Hoogstens is God se wil net 'n teoretiese moontlikheid in die meeste mense se omgewing. Hulle sê soms 'n paar hoopvolle dinge hieroor vir mekaar, soos: “God het 'n wonderlike plan vir jou lewe.” Maar, soos wat die Engelse gesegde lui: “That’s as good as it gets!” Al wat in praktyk oorgebly het van hierdie “ingewikkelde vraagstuk”, soos wat iemand nou die dag na God se wil verwys het, is dat ons oor die potensiaal beskik om hierdie hemelse plan dalk nog te ontrafel voordat ons ons laaste asem uitblaas.

So wil ek nie meer oor God se wil dink nie. Toe ek 50 geword

het, het ek besluit ek wil alle hipotetiese taal uit my lewe verban. Ook wil ek nie gedurig hipotetiese dinge oor God se wil hoor nie. Want as God net 'n plan vir my het op ouderdom 50 sonder dat ek al agtergekom het wat dit is, is ek in groter moeilikheid as wat ek dink. O ja, dit geld ook vir mense op 15-, 20-, 30- of 40-jarige ouderdom. Ons is nie veronderstel om lewenslank slegs met teoretiese planne oor God se wil gedreig te word nie.

Die Here is in elk geval nie 'n hemelse planmaker wat meer as 7 biljoen sakpas-teoretiese planne opgestel het, en van ons verwag om dit maar net te ontdek en te implementeer in ons lewe nie. Daar's nie 'n gedetailleerde bloudruk iewers in die ewigheid uitgewerk vir al die biljoene mense op aarde deur die loop van die geskiedenis met die hoop dat hulle dit net dalk sal vind nie. God het nog altyd net een wil. Die Bybel praat altyd van sy wil in die enkelvoud. Ons almal val by hierdie enkelvoudige wil van die Here in, nooit andersom nie. Hoor weer: God het een wil en ons almal val met ons eie lewens by sy een wil in. Dit geld vir die meer as 7 biljoen mense wat tans op die aarde leef. Dit het ook gegeld vir al die biljoene mense voor ons en vir dié wat nog na ons kom.

God se wil het ook net een regte Naam: Jesus (Johannes 6:38-40). Jesus het gekom om God se wil uit te voer, naamlik om mense te kom terugvat vir Hom. Die Here wil sy eiendom terughê, en Jesus het presies dit kom doen. God se wil is daarom dat ons volledig by Christus inval en Hom volg in alles wat ons sê, dink en doen. God se wil is dus nie ingewikkeld of te onverstaanbaar nie. In elk geval nie aan die hemel se kant nie. Dit is ons wat alles so ingewikkeld gaan maak het met ons filosofiese spekulasies en ons onpersoonlike verstaan van al God se handelinge.

Stop! Hou net op om probleem-aangedrewe oor God se wil te dink

Iewers is ons foutiewelik geleer om God se wil in probleemvrae te giet. Of in raaisels. Ek praat van vrae soos:

“Wat is God se wil vir my lewe?”

“Is alles vooruit bepaal?”

“Watter beroep wil God hê ek moet volg?”

“Is dit die Here se wil dat ek met Persoon A trou? (Of is dit dalk Persoon B?)”

“Wat is God se wil as slegte dinge met my gebeur?”

“Hoekom het God dit of dat toegelaat?”

“Is daar 'n doel met alles?”

“Is jou strepie reeds getrek in die ewigheid, of nie?”

Hierdie raaisels en vrae rondom God se wil word soms omring met stellings soos: “Toemaar, jy sal later verstaan.” Of daardie *golden oldie*: “Daar’s 'n doel met alles.” Of die klassieke verskoning: “Ons is nie geroep om te verstaan nie, ons moet maar net glo soos kindertjies.” Ook is daar 'n paar standaard-maniere hoe mense antwoorde probeer kry op hierdie raaisels wat ons self ontwerp het rondom God se wil. Dit sluit in die vind van die regte Bybeltekste, openbarings en tekens om mense se vrae te probeer antwoord.

Ek onthou van een so 'n teken-vind-gebeurtenis. 'n Onbekende persoon het per e-pos vir my vertel van 'n Jakarandablometjie wat op haar kop geval het as hemelse bewys dat sy van beroep moet verander. Sy het gebid vir 'n spesiale teken om vir haar te wys wat God se wil is en toe beland die Jakarandablom daar in Oktobermaand kaplaks op haar kop. Dit was vir haar die teken. Toe hoef sy nie meer verder te dink of te soek nie. Ek

het net my hart vasgehou dat die groot God van hemel en aarde aanspreeklik gehou kan word vir iemand se beroepskeuse aan die hand van 'n vallende pers blommetjie in Pretoria! Nog iemand het my vertel van iemand anders se horlosie-toetse vir God. Sy het blykbaar vir die Here gesê as Hy haar vieruur in die oggend wakkermaak, sal sy weet dis 'n teken dat sy op een of ander uitreik moet gaan. Toe word sy so kwart voor vier wakker. Maar toe gee sy die Here nog 'n kans en skuif die wakkerword-klok aan tot vyfuur. Toe sy egter ses minute ná vyf wakker word, het sy gewonder of haar horlosie op hemelse tyd is.

God se wil is nie Bybelse raaisels nie

Die Bybel vra nie raaiselagtige vrae oor God se wil nie. Die rede is so eenvoudig soos om te weet die Bybel is regtig nie 'n vraagen-antwoord-boek nie. Ook bevat dit nie vooraf uitgewerkte leerstukke oor enigiets vanaf die uitverkiesing tot by God se wil nie. Die Bybel is 'n verhouding-deurdrenkte boek. Dit praat familietaal, God s'n, veral op die bladsye van die Nuwe Testament.

Familietaal, daardie soort wat gelukkige families met mekaar deel, is anders as die tipiese taal van raaisels en vraagstukke. Die Bybel is geskryf deur 'n gelukkige hemelse familie. Die Vader, Seun en Gees is al 'n ewigheid lank die gelukkigste familie in die hele heelal. En Jesus het boonop aarde toe gekom om ons deel te maak van hierdie familie. Presies dit is God se wil. So vertel die hele Johannesevangelie en die eerste Johannesbrief vir ons. Daarom kommunikeer die Bybel nooit in onpersoonlike taal oor God se wil, soos wat godsdienstiges dikwels doen nie. Wag, voordat jy hierdie paragraaf vaarwel roep, hoor dit asseblief net weer: *God se wil is nie 'n raaisel, of*

'n vraag, of 'n hipotetiese plan nie. God se wil vat altyd grond in verhoudings. God se wil is gegiet in familietaal. Dit is die taal van 'n liefdevolle Vader wat sy lewe deel met sy aardse familie wat in Christus glo.

God se wil gaan oor 'n nuwe verhouding met God in Christus, nie oor 'n paar krisissituasies of spesiale gebeurtenisse in jou lewe waarvoor jy skielik 'n Goddelike opinie benodig nie. God is in elk geval nie 'n hemelse Adviseur wat in sulke tye gou 'n paar voorstelle gaan maak oor watter keuses jy dan moet uitoefen nie. God se wil is 'n leefwyse. Dit is 'n leefroete. Dit is leeftaal, nie 'n paar tref-en-trap-antwoorde vir jou nie. Jy doen God se wil terwyl jy hierbinne leef. Jy wandel elke dag op sy pad. God se wil gebeur nie toevallig, of net nou en dan nie. Dit word voltyds uitgeleef. Die vraag na God se wil verskyn daarom nie net op jou horison as jy by die spreekwoordelike vurk op jou lewenspad aangekom het en haastig moet weet of jy links of regs moet draai nie.

Net soos jy doodseker kan wees jy is die aardse kind van jou eie ouers, net so kan jy heeltemal seker wees oor God se wil omdat jy in die regte verhouding met Hom leef. Dit is nie 'n geluiskoot om partykeer binne sy wil te wees nie. Nog minder is dit 'n "in-uit"-situasie – nou is jy in en netnou weer uit. So lank as wat jy dus nog aan God se wil dink as iets waarna jy eintlik net soek tydens krisismomente in jou lewe as swaarkry of groot keuses opduik, dink jy te eng hieroor.

God se wil is ook nie 'n orakel nie. Jy soek nie na spesiale tekens, drome of een of twee Bybeltekste wanneer jy moeilike besluite moet neem, of as jy nie weet watter koers jy moet inslaan nie. Dan boks jy God se wil in tot 'n toevallige verskynsel. Die Here se wil is eindeloos meer as losstaande insidente; dit is 'n lewenslange verhouding met Hom in Christus. Net soos jy groei in enige liefdesverhouding, groei jy ook in jou liefde, ken-

nis en gehoorsaamheid aan God. Net so leer jy om al hoe meer koersvas binne sy verhoudingswil te leef te midde van elke klein en groot keuse wat jy maak.

NUUSFLITS, God se wil is verhoudingstaal

Paulus het baie goed begryp God se wil is nie raaisels nie. Daarom skryf hy in Romeine 8:15 dat ons nie slawe is wat in vrees of onkunde oor God leef nie. Ons het die Gees ontvang wat ons in die waarheid lei. Hy het ons ingelyf in God se nuwe familie hier op aarde. Nou praat en dink ons in familietaal, nie in teoretiese of onpersoonlike taal nie. Ek vermoed egter ons is nooit geleer om verhoudingsmatig aan God se wil te dink nie. Of in familietaal nie. Veel eerder is ons grootgemaak met die idee dat God se wil een of ander geheime bloudruk is vir ons eie lewe wat ons met bloedsweet, sakke vol geloof en diep worstelinge moet ontdek en probeer doen. Maar wanneer ons in familietaal hieroor dink en leef, verander ons verstaan van God se wil vir altyd.

Om dieselfde rede dat ons nie nodig het om ons kinders eers te oortuig dat hulle ons kinders is en dan ook net solank hulle ons familiereëls eerbiedig nie, maar dat hulle altyd hierdie status geniet, net so is ons God se ewige kinders. Kinders in 'n gelukkige ouerhuis is kinders, afgesien van dit wat hulle doen. Wel, dis ook God se soort taal wanneer sy wil ter sprake is. Geen onsekerhede en hipoteses hier nie. Ja, soms is kinders ongehoorsaam; ons ook. Soms mis ons God se direkte wil, maar dan gebeur dit steeds binne die verhouding met ons hemelse Vader wat ons om Christus ontwil weer en weer genadig is. Ons is nie in en uit nie, ons is net somtyds ongehoorsame kinders wat in sulke tye volle aanspreeklikheid vir ons eie droogmakery moet aanvaar.

“Give me any word and I’ll show you how the root is Greek”

Miskien is baie van ons vrae oor God se wil veroorsaak deur die ou Grieke se denke wat so 'n beduidende invloed op Westerse denke uitgeoefen het ... ook op ons in die kerk. Dit herinner my sommer weer aan Gus Portokalos, daardie oom van die flielk *My Big Fat Greek Wedding*, wat graag gesê het elke Engelse woord stam van Grieks af. “Give me any word and I’ll show you how the root is Greek,” was een van sy gunsteling opmerkings. Wel, ons idees van predestinasie (of die Goddelike voorbeskikking van alles) en Goddelike raaisels stam ook van Grieks af, as jy my vra!

In die Bybelse tyd het mense die mitologiese Griekse en Romeinse gode as superwesens beskou wat kon doen net wat hulle wou. As een van die gode besluit het om jou met 'n weerligstraal of twee te klits, kon jy niks hieraan doen nie. Tugē, die godin van die noodlot, het byvoorbeeld beheer oor mense se lewensbestemming gehad, soos wat Homeros onder andere in sy groot werke, die *Illias* en die *Odesseia*, vertel.

Bo en behalwe Tugē was daar drie ander godinne in die Grieke se mitologiese stories wat die lotgevalle van mense bestuur het – dit was die sustergodinne (of Moirae) genaamd Clotho wat die draad van die lewe geweef het vir elke mens; haar suster Lachesis, wat elke persoon se lot (of lewensdraad) afgemeet het met haar maatband, en Atropos wat 'n skêr gedra het om die draad van die lewe af te knip wanneer iemand se lewenslot uitgeleef was. Laasgenoemde godin het elke persoon se dood beplan en beheer. Daar was geen wegkomkans uit haar hande (of is dit haar skêr) nie. Selfs Zeus, die hoofgod van die mitologiese verhale, het sy hande vol gehad met hierdie wispelturige godinne. Hulle het vooruit besluit wat mense se lot sou

wees; daarom was mense uitgelewer aan hulle. Al wat hulle eintlik maar kon doen, was om te hoop dat hulle ten minste in 'n paar van hierdie wispelturige gode se goeie boekies was.

Die Grieke en later ook die Romeine se galery van gode was 'n klompie “onbeweeglike bewegers” – so het mense gedink. Die noodlot (ook bekend as Moira) het die finale sê gehad. Sulke Griekse idees van predestinasie, oftewel die vooruitbepaaldheid van alles en almal in die lewe, het algaande na die Christendom toe oorgevloei. Maar dis nie 'n Nuwe-Testamentiese idee nie.

Baie mense dink vandag steeds in sementagtige taal oor die ware God – Hy wat aan die begin die hemel en die aarde geskep het en sy liefdeshart vir ons kom wys het toe Jesus Christus mens geword het. Baie sien Hom as 'n onverskuifbare beweger, as Een wat doen wat Hy wil, en wanneer Hy wil. Dit is wat sy soewereiniteit vir hulle beteken. Daarom dat hulle taal gebruik soos: “Wat moet gebeur, sal gebeur,” of: “As jou strepie getrek is, is dit getrek,” of: “Daar's 'n doel met alles.” En as iets slegs met iemand gebeur, sê hulle gou: “Toemaar, dit was God se wil.” So asof net mooi alles wat hier op aarde gebeur sy wil of sy skuld is. Maar is dit regtig so? Is daar een of ander voorafuitgewerkte meesterplan iewers in die ewigheid opgestel wat nou willoos afspeel soos 'n video waaraan niemand enigiets kan doen nie? Is selfs God uitgelewer aan sy eie raadsplan wat onveranderlik in sement gegiet is en nooit gewysig kan word nie?

Natuurlik mag jy vrae vra en nadink oor God se wil as 'n kind aan jou Vader se tafel

Miskien het jy ook al in die stilligheid oor bogenoemde vrae gewonder. Dalk het jy selfs skaam gekry dat jy dit gedoen het. “'n Mens mag nie vrae oor God en sy wil vra nie,” sê baie mense in die kerk vir jou. “Jy moet swyg en berus by wat ook al oor jou

lewenspad kom,” het ekself gedurig in my kinderjare gehoor. Maar is dit waar? Is geloof 'n saak van stilbly? Moet jy alles sluk vir basaarkoekies, of is ware geloof om partykeer met God te worstel totdat jy sin maak van sy betrokkenheid in die wêreld?

Ek dink nie dit is reg om stil te bly oor God se wil asof dit te hoog, of te ingewikkeld, of selfs te onverstaanbaar is om oor na te dink nie. Die Bybel het verrassende dinge hieroor te sê. Ons hoef nie bang te wees om hieroor na te dink nie. Ons doen dit as kinders aan sy hemelse tafel. Om God se waarheid na te speur is nie sinoniem met “objektiewe”, kliniese, of onbetrokke nadenke in gesteriliseerde laboratoriums nie. Nee, ons sit altyd as kinders aan ons Vader se voete wanneer ons oor sy wil praat, skryf en tob. Ons praat indringend met Hom oor Hom. En met mekaar oor Hom. Ons vra en soek en verstaan verhoudingsmatig. Anders gaan ons maar net weer in nuwe raaisels beland, soos daardie waarin vele mense verstrengel geraak het as hulle te klinies en te probleem-aangedrewe nadink oor God se wil.

Eenvoudiger maar definitief nie naïef nie – dit is die norm wanneer God se wil vir ons as sy kinders ter tafel is. Ons weet die lewe is kompleks en dat daar nie aldag maklike antwoorde is op enigiets nie. (En dis ook nie noodwendig 'n slegte ding nie!) Maar as ons reg nadink oor God se wil, bring dit 'n nuwe verwondering vir Hom in ons lewe na vore. Dit laat ons groei in aanbidding, nie in nog meer onopgeloste raaisels nie. Tereg skryf Francis Collins in sy aangrypende boek *The Language of God* (2006): “The elegance behind life’s complexity is indeed reason for awe, and for belief in God – but not in the simple, straight forward way that so many found so compelling before Darwin came along.” Op sy beurt skryf Don Norton, wat vroeër een van die ghoeroes van Apple was, in sy boek *Living with Complexity* (2010): “We seek rich, satisfying lives, and rich-

ness goes along with complexity. We need complexity even while we crave simplicity ... The real challenge is to tame the complexity that life requires. The good life is complex, rich, and rewarding – but only if it is understandable, sensible, and meaningful ... But we too have to do our part: we have to take the time to learn the structure and practice the skills.”

Om alles te oorvereenvoudig, ook wanneer God se wil ter sprake is, kan tot gevolg hê dat ons noodsaaklike denkprosesse systap. Maar om dit te ingewikkeld te maak kan weer tot gevolg hê dat ons die verhouding met Hom en mekaar misloop. Die regte soort balans wanneer dit gaan oor God se wil vra dat ons daardie sleutel sal gebruik wat die Bybel self gebruik, naamlik familietaal. Dit is ons lens. Hierdie wete en kennis maak dinge meteens op die regte maniere verstaanbaar. Dit lei tot 'n nuwe soort verwondering en eenvoud wat John Maeda sou wou omskryf as “subtracting the obvious and adding the meaningful”. Om al daardie foutiewe invalshoeke tot God se wil te verwyder en om die regte lense te gebruik, is om te groei in eenvoud en in begrip. Hiervan gepraat:

Oppas vir projeksie wanneer God se wil op die tafel is

Nicholas Epley en sy navorsingspan het in 2009 'n studie onderneem waarin hulle bevind het dat mense dit wat hulle dink God se wil is veel sterker met hul eie sienings belyn as met ander mense s'n. In hulle studie getiteld “Believers’ estimates of God’s beliefs are more egocentric than estimates of other people’s beliefs” het hulle ook uitgewys dat wanneer mense oortuig kon word om hulle standpunte te verander oor 'n bepaalde saak, sê nou maar oor homoseksualiteit of egskeiding, God se standpunt in hulle oë ook dienooreenkomstig verander het. Anders gestel, as mense 'n groot skuif in hulle eie denke

gemaak het oor die vraag of iets reg of verkeerd is, het God ook presies dieselfde gedoen. Nee, dan het Hy inderwaarheid nog altyd soos hulle nuutste sienings oor daardie aangeleentheid gedink.

Nie een van ons kan ontsnap aan ons menslike beperkings nie. Ons is op verskillende maniere skeppers en instandhouders van ons eie wêreld. Daarom projekteer ons graag ons idees oor reg en verkeerd op God, veral wanneer sy wil ter sprake is. Beteken Epley-hulle se bevindings egter dat godsdiens net maar die konstruk van ons eie gedagtes en gevoelens is? Aan die een kant gebeur sulke selfgemaakte godsdiens inderdaad. Mense is en was nog altyd uitstekende gode-patenteerders. Mense het nog altyd hulle eie idees oor God en sy wil gehad. Tog, ten spyte van al ons pogings om God na ons beeld te verander en om Hom by ons te laat aanpas, troon die lewende God bo dit alles uit.

God is verhewe bo al ons beelde, misverstande en halwe waarhede. God is steeds wie Hy is, al verstaan ons Hom verkeerd. Ook weerstaan Hy ons pogings om Hom gedurig aan ons kant te probeer kry en om Hom in ons eie klein menslike verpakings vas te vang. Die Here openbaar Hom soos wie Hy is ten spyte van ons eindelose pogings om op eie stoom van hier af by Hom uit te kom. Of om Hom af te trek na ons toe. God kom self van sy kant af in Christus na ons toe. Hy maak Hom kenbaar in Christus. Daarom moet ons leer om God op sy eie terme te ontdek as ons oor sy wil nadink. Sy wil gaan oor Hom, nie oor ons nie. Dit gaan oor die nuwe verhoudings wat Hy in Christus kom vestig, nie oor alles wat ons van Hom wil hê nie. Daarom is God se wil inderdaad anders as wat dié meen wat vinnige antwoorde soek vir hierdie of daardie situasie in hulle lewe. Sy wil is nie toevallig of ad hoc nie; dit is 'n lewenslange verhouding met Hom in Christus.

God dwing nooit sy wil willoos op ons af nie

God forseer nooit sy wil op ons af nie. Ons het keuses. Ons kan kies watter beroep ons wil beoefen; waar ons wil bly; met wie ons wil vriende wees; hoe vinnig ons wil ry; wat ons op die internet en TV kyk; wat ons gunsteling kos is; watter boeke ons lees; wie ons vriende is, ensovoorts. God dwing sulke keuses nie op ons af nie. Hy het sy wil bekend gemaak en vra dat ons Hom in al ons keuses moet verheerlik. Die keuse is ons s'n hoe ons binne sy wil werk, vriendskappe vorm; TV kyk; motor bestuur ... Ons moet self hieroor besluit, in die lig van die talente en wysheid wat Hy vir ons elkeen gegee het oor wat die regte beroep, adres, vriende en omstandighede in ons eie lewe sal wees en waar ons sy Naam die meeste kan verheerlik. O ja, natuurlik mag en moet ons ook hieroor bid. Maar ons maak self sulke keuses en aanvaar ook verantwoordelikheid hiervoor. Ons kan eerlikwaar nie maak soos daardie tannie wat te vinnig op 'n draai afgepeil het met haar karretjie nie. Toe sy besef sy gaan nie die draai maak nie, bid sy: "Die motor is nou in u hande." Toe iemand na die tyd vra hoekom haar kar gerol het, antwoord sy so ewe: "Ek weet nie so mooi nie. Dit het gebeur toe die Here bestuur het."

Wanneer ons uiteenlopende en unieke talente in pas kom met God se een wil, en wanneer ons agter Jesus aan sê: "Nie my wil nie, maar u wil alleen," gebeur daar harmonie tussen hemel en aarde hier op ons voorstoep. Minder van ons en meer van Hom! God se wil bied aan ons 'n wye leefruimte en besluitruimte.

Ons het altyd keuses. Maar die vraag is: Hoe weet ons of ons keuses reg is? Wel, ons het duidelike Bybelse familiereëls tot ons beskikking wanneer ons ons keuses maak, soos wat ons verderaansal sien. God se wil is geopenbaar in die Skrif;

sy wedstrydplan en sy familiereëls ook. God vereenvoudig sy wil met name deur dit eksklusief aan Jesus te koppel. God se wil is, met respek gesê, nie soos 'n geestelike dobbelspel waar ons somtyds gelukkig genoeg is om reg te wees en ander kere weer verkeerd is nie. Sy wil is nie episodies of momenteel nie, maar verhoudingsmatig. Ons wat Christus as die Here ken, leef in sy wil en volg Hom voltyds, tensy ons doelbewus kies om daarbuite te tree. (Mens noem dit sonde!) Dit is God se opdrag, maar ook ons keuse of ons gaan volhard op Jesus se pad of nie. Die goeie nuus is egter dat God ons nie laat wegsink in die modder van ons eie sondes en gemors as ons doelbewus ons hand losruk uit Syne nie. Hy sal ons kom opsoek en teruglei omdat Hy die goeie Herder is. God skryf ons nooit af nie.